# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

UITGAWE 258 · 25 FEBRUARIE 2022

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## LEILA NOMMER EEN BY TOERNOOI!

Die afgelope naweek het ons top 7-tennisspelers na Cradock gereis om aan die Tjaart Vorster Tennistoernooi deel te neem. Dit was 3 dae van harde tennis, maar ons spelers het hulle beste gegee.

Die meisies het teen Oranje Meisieskool, Voortrekker (Bethlehem), Hoërskool Outenique en Merrifield High School meegeding. Ons eindig 8 ste uit die 10 skole.

Die seuns het teen Curro Durbanville, Hoër Landbouskool Marlow en Paarl Boys High meegeding. Ons speel uit vir 10de/11de posisie en wen teen Hoërskool Cradock. Daarna speel ons uit vir 9 de en 10 de posisie teen Oakdale Landbouskool en wen ook daardie wedstryde. Ons eindig dus 9 de uit 12 skole. Ons is trots op elke speler wat sy beste gegee het.

Saterdagaand hou Hoër Landbouskool Marlow 'n prysuitdeling. Leila Nel stap weg met die speler van die toernooi wisseltrofee asook die nr 1 speler (meisies) wat geen enkelwedstryde verloor het nie. Leila, jy het Framesby trots gemaak! Leila Nel en Chrisstian Viljoen wen al hulle enkelwedstyde.

---

Ons is ook baie trots op Chrisstian Viljoen en Leila Nel wat gekies is om die Oos-Kaap by die nasionale skoleweek in Bloemfontein (vanaf die 18de tot die 22ste Maart) te verteenwoordig. Chrisstian is in die 0/15 span en Leila is in die 0/19 span opgeneem.
Baie geluk julle twee!



## VERJAARSDAE DIE WEEK

### SATERDAG
Tatiana Scheinberg
Dylan Wannenburg
Eben Peens
Enye Smit

### SONDAG
Mikayla Blignaut

### MAANDAG
Simoné van Leeuwen
Leané Myburgh
Francois Smit

### DINSDAG
Juan-Pierre Daffue

### WOENSDAG
Regardt Anderson
Nicole Botha
Joané Jonck
Shannon Potgieter
Chanré Barnard

### DONDERDAG
Douw Joubert
Tara-Lee Havenga
Juan-Claude Strydom
Chanté Gerber
Louis Buys
Megan Terblanche
Kyra Weyers

### VRYDAG
Waldo van As



HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:
SUNRIDGE VILLAGE

# SWEM UITSLAE:

Baie geluk aan ons drie dogters wat Saterdag aan die Oos-Kaap Skole Swemkampioenskappe deelgeneem het.

Carla Landman het vir die dogters 16 en jonger, in die 50m vryslag 'n tyd van 38:73 geswem.

Anri de Beer het in die dogters o/15 die volgende behaal:

100m rugslag, 1ste Plek 1:15:78

50m vlinderslag, 2de plek 35:28

400m vryslag, 1ste plek 15:10

50m rugslag , 2de plek 36:28

200m rugslag , 1ste plek 2:48:09

Chloe Steyn het 'n 1ste plek behaal in die dogters o/16 in 'n tyd van 5:30:84.

Beide Chloe en Anri gaan ook op 29 Maart 2022 aan die SA Regional Junior Gala (SARJ) in Oos-Londen deelneem.

Framesby is baie trots op julle.






SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers
Ek haal Spreuke 22 vers 11 aan: "Wie daarop prys stel om opreg te wees en vriendelik te praat, het selfs die koning tot vriend." Mag hierdie wyse woorde uit Spreuke u ook motiveer om in u handel en wandel ons Hemelse Vader eerste te stel.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) WERKSAFBAKENING [GRAAD 10 – 12] - TOETSREEKS
VAKKE WAT VOOR TOETSREEKS SKRYF

INLIGTINGSTEGNOLOGIE (IT)

GRAAD 10
Test Information: (24 Februarie)
Content: Module 1.1
March Theory Test Information: (2 Maart)
Test Content: TH - MOD 2.1 - Basic Concepts of Computers
TH - MOD 5.1 - Social Ethical Legal Issues
TH - MOD 4.1 - Data as the Computer sees it
TH - MOD 1.1 - Thinking for Computers
TH - MOD 4.2 - File Management
GRAAD 11
March Theory Test Information: (2 Maart)
Test Content: TH - MOD 1.1 - Hardware
TH - MOD 1.2 – Software
TH - MOD 1.3 - Computer Management
TH - MOD 2.1 – Networks
TH - MOD 3.1 - ICT and Society
March Practical Test Information: (4 Maart)
Test Content: CHAP 6 – Text Files

GRAAD 12
March Theory Test Information: (3 Maart)
Test Content: Gr11 - MOD 4_3 - Intro to Multiple Tables
TH - MOD 1.1 - Hardware
TH - MOD 1.2 - Cloud Computing
TH - MOD 2.1 - Network Configuration
TH - MOD 4.1 - Database Design Concepts
TH - MOD 4.2 - Database Management
March Practical Test Information: (7 Maart)
Test Content: PRAC - CHAP 4 - DB Processing using SQL
PRAC - CHAP 5 - DB Maintenance using SQL (Insert & Delete)

GEOGRAFIE (1 Maart tydens saal)

GRAAD 12
Hoofstuk 1: Middelbreedtesikloon
Eenheid 1: Algemene kenmerke van middelbreedtesiklone
Eenheid 2: Gebiede waar middelbreedtesiklone vorm
Eenheid 3: Toestande waaronder middelbreedtesiklone vorm
Eenheid 4: Ontwikkelingstadiums en gepaardgaande weerstoestande
Eenheid 5: Weerpatrone wat gepaardgaan met koue, warm en okklusiefronte
Eenheid 6: Lees en vertolking van satellietbeelde en sinoptiese weerkaarte
Hoofstuk 2: Tropiese siklone
Eenheid 7: Algemene kenmerke van tropiese siklone
Eenheid 8: Gebiede waar tropiese siklone vorm
Eenheid 9: Vereistes vir die vorming van tropiese siklone
Eenheid 10: Ontwikkelingstadiums
Eenheid 11: Verwante weerpatrone
Eenheid 12: Lees en vertolking van satellietbeelde en sinoptiese weerkaarte

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Eenheid 14: Impak van tropiese siklone op menslike bedrywighede en die omgewing
Eenheid 15: Strategieë wat help met die voorbereiding vir tropiese siklone en om die gevolge te bestuur
Hoofstuk 3: Subtropiese antisiklone en verwante weerstoestande
Eenheid 16: Ligging en algemene kenmerke van hoogdrukselle wat Suid-Afrika beïnvloed.
Eenheid 17: Antisikloniese lugsirkulasie rondom Suid-Afrika en die invloed daarvan op weer en klimaat
Eenheid 18: Bewegende versteurings wat met antisikloniese sirkulasie gepaardgaan
Eenheid 19: Lees en vertolking van stellietbeelde en sinoptiese weerkaarte
Hoofstuk 4: Valleiklimate
Eenheid 20: Die mikroklimaat van valleie
Eenheid 21: Ontwikkeling van anabatiese en katabatiese winde, inversies, rypholtes en stralingsmis
Eenheid 22: Die invloed van plaaslike klimate op menslike bedrywighede
Hoofstuk 5: Stadsklimate
Eenheid 23: Redes vir verskille tussen landelike en stedelike klimate
Eenheid 24: Stedelike hitte-eilande – oorsake en gevolge
Eenheid 25: Konsep van besoedelingskoepels – oorsake en gevolge
Eenheid 26: Strategieë om die hitte-eiland-effek te verminder

LANDBOU (8 Maart tydens saal)

GRAAD 11
- Inleiding tot basiese chemie
- Chemiese binding
- Anorganiese en organiese verbindings
- Alkane en alkohole
- Vetsure en biomolecule
- Proteïene
- Koolhidrate
- Grondtekstuur
- Grondstruktuur
- Grondkleur en grondporieë

GRAAD 10
VERBRUIKERSTUDIE
Bl. 12 – 22
Bl. 44 – 49
Bl. 53 – 57
Bl. 59 – 63 (Nota's oor voedingstowwe)

MUSIEK
1. Toonlere
2. Toonsoorte
3. Toonsoortteken
4. Drieklanke: driestemmig
5. Besyfering
6. Musiekterme
7. Nootwaardes en Rustekens
8. Tydmaattekens
9. Transposisie
10. Intervalle
11. Half- en heeltone
12. Enharmonies
13. Toonsoortherkenning
14. Sleutels en Lettername
15. Sekwens
16. Tegniese name
17. Herhalingstekens
18. Triool
19. Klassifikasie van Musiekinstrumente (Hornbostel-Sachs)
20. Instrumente van die Klassieke Orkes
21. Vormsoort: Drieledig
22. Musiekelement: Tekstuur
23. Strykkwartet
24. Menslike Stem

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

TOETS 1 = 30 minute Musiekteorie
TOETS 2 = 30 minute Algemene Musiekkennis
TOETS 3 = 20 minute Musiekbegrip

GEOGRAFIE
Hoofstuk 1: Samestelling en struktuur van die atmosfeer
Eenheid 1: Struktuur, samestelling en noodsaaklikheid van die atmosfeer
Eenheid 2: Die osoonlaag in die stratosfeer
Hoofstuk 2: Verhitting van die atmosfeer
Eenheid 3: Prosesse wat verband hou met die verhitting van die atmosfeer
Eenheid 4: Kweekhuiseffek
Eenheid 5: Faktore wat die temperatuur van verskillende plekke regoor die wêreld beïnvloed
Eenheid 6: Aardverwarming
Eenheid 7: Impak van klimaat en klimaatsverandering op die Afrika-omgewing en sy mense
Hoofstuk 3: Vog in die atmosfeer
Eenheid 8: Water in die atmosfeer
Eenheid 9: Doupunt, kondensasievlak, humiditeit en relatiewe humiditeit
Eenheid 10: Wolke
Eenheid 11: Verskillende vorms van neerslag
Eenheid 12: Meganismes wat verskillende soorte reënval tot gevolg het
Hoofstuk 4: Lees en interpretasie van sinoptiese weerkaarte
Eenheid 13: Sinoptiese weerkaarte

TOERISME
Inleiding tot toerisme
Soorte toeriste
Toeristeprofiel
Vervoer
Akkommodasie en terminologie
Tegnologie in kamers
Voedsel en drank
Attraksiesektor
Betalingsmetodes

AFRIKAANS
AFDELING A: BEGRIP (10)
AFDELING B: OPSOMMING (10)
AFDELING C: TAAL (15)
• Teikenmark bl. 11-12
• Vokale / Diftonge bl. 121,140
• Klankverskynsels bl. 141
• Samestellings bl. 95-96
• Leestekens bl. 152-154
• Skryftekens bl. 93-95
• Persoonsname bl. 26-27
• Infinitief bl. 242 ,207
• Intensiewe vorm bl. 26-27, 178
• Voornaamwoorde bl. 178-179
• Hoofletters

REKENINGKUNDE
- Teorie
- Rekeningkundige vergelyking
- Hulpjoernale en oorboeking

LANDBOU
- Ekologie en agro-ekologie
- Wisselwerking in ekosisteme en ekologiese boerdery
- Weidingsekologie
- Weiveld of veldbestuur
- Biome in Suid-Afrika
- Die belangrikheid van die landboubedryf
- Bevolkingsgroei en die ekonomiese waarde van plant- en dierprodukte

RTT (CAT)
Module 1.1 en 1.2 - Teorie

WISKUNDE (50 punte en 60 minute)
• Die getallestelsel
• Alle produkte en vereenvoudiging van uitdrukkings wat produkte bevat
• Alle faktorisering
• Algebraïese breuke : alle bewerkings
• Eksponente en eksponensiële vergelykings
• Oplos van lineêre vergelykings (ook met hakies en breuke)

WISKUNDIGE GELETTERDHEID (50 punte, 60 minute)
• Basiese numeriese konsepte:
• Afronding, Heelgetalle (positiewe en negatiewe getalle), Tyd format, BODMAS, Wortels, kwadrate, derdemagte, Sakrekenaarwerk
• Verhoudings en koers:
• Persentasies (vermeerdering en vermindering)
• Direkte en indirekte proporsies
• Tabelle met invoer en uitvoerwaardes
• Data Hantering:
• Klassifisering en analisering van data
• Modus, Median, Omvang, Gemiddeld

FISIESE WETENSKAPPE
CHEMIE 2 UUR 100 PUNTE
• Makroskopiese eienskappe bl 9 - 48
• Fasetoestande van materie bl 49 - 82
• Atoom bl 83 – 110
• Periodieke Tabel bl 111 - 136
• Chemiese bindings bl 137 – 150
• Deeltjies waaruit stowwe bestaan bl 151 - 176
Gebruik jou eksamenriglyne bl 16 – 20 vir uiteensetting van die werk.

KUNS
Hoofstuk 1:
• Formele elemente van kuns – bl. 6 tot 23
• Ontwerpbeginsels – bl. 24 tot 27
• Media en tegnieke – bl. 28 tot 34
• Styl – bl. 46 tot 48
• Visuele analise – bl. 49 – 62

LEWENSWETENSKAPPE
• TOETS Biodiversiteit en klassifikasie / Biochemie
• PRAKTIES Voedseltoetse, werking van ensieme, samestelling van elemente in vette, proteïene en koolhidrate

IGO
Vraag 1: 40 Punte (45 minute)
Vraag 2: 20 Punte (45 minute)
Totaal: 60 Punte (90 minute)
Elke vraag moet oor EEN van die volgende onderwerpe handel:
1. Veelhoeke
2. Raakboë

ENGLISH HOME LANGUAGE

| | |
|---|---|
| **Grade 10 HL:**<br>35 marks 70 minutes<br>Comprehension 30 ÷ 2 =15 marks<br>Summary 10 marks<br>Language 10 marks | Comprehension skills<br>Summary<br><u>In notes received</u><br>Parts of speech (Oxford p. 8-24)<br>Acronyms<br>Ambiguity<br>Concord errors<br>Direct / indirect speech<br>Homonyms / homophones<br>Oxymoron / paradox<br>Redundancy / tautology |

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

| | |
|---|---|
| **Grade 10 FAL:**<br>40 marks 1 hour<br>Comprehension 20 marks<br>Summary 10 marks<br>Language 10 marks | Comprehension skills<br>Summary<br>Pathway<br>Adverbs & Adjectives<br>Fact & Opinion<br>Simple present tense<br>Language notes<br>Abbreviations/acronyms<br>Synonyms<br>Punctuation<br>Nouns/pronouns<br>Prepositions<br>Prefix/suffix |

BESIGHEIDSTUDIES
• Mikro-omgewing + notas en vrae met antwoorde
• Markomgewing + notas en vrae met antwoorde
• Makro-omgewing + notas en vrae met antwoorde
• Verwantskap tussen sake-ondernemimgs + vrae met antwoorde
• Besigheidsektore + notas en vrae met antwoorde

DRAMA
• Saturday night at the palace en bykomende notas
• Ontspanning
• Postuur
• Opvoeringstekste in konteks
• Stem- en spraakkommunikasie (reis 3)

GRAAD 11

FISIESE WETENSKAPPE
FISIKA en CHEMIE 1 UUR 40 MIN 70 PUNTE
• Vektore in twee dimensies bl 9 – 74
• Newton se bewegingswette bl 75 – 138
• Newton se universele gravitasiewet bl 139 - 164
• Atoomverbindings bl 11 - 27
Gebruik jou eksamenriglyne bl 7 – 9 vir uiteensetting van die werk.

VERBRUIKERSTUDIE
Bl. 10 – 24
Bl. 102 – 122
Plus alle ekstra nota's oor bostaande werk

DRAMA
Curl up and dye en bykomende notas
Realisme (reis 5)
Stemwerk (reis 2)
Fisiese werk (reis 1)

ENGLISH HOME LANGUAGE

| | |
|---|---|
| **Grade 11 HL:**<br>35 marks 70 minutes<br>Comprehension 30 ÷ 2 =15 marks<br>Summary 10 marks<br>Language 10 marks | Comprehension skills<br>Summary<br>Figures of speech (notes)<br>Propaganda<br>Punctuation<br>Active and passive voice<br>Phrases and clauses |

ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

| | |
|---|---|
| **Grade 11 FAL:**<br>40 marks 1 hour<br>Comprehension 20 marks<br>Summary 10 marks<br>Language/Visual literacy 10 marks | Comprehension skills<br>Summary<br>Pathway:<br>Page 9 – 12<br>Page 25 – 26 Emotive language<br>Page 34 - 36<br>Page 48 -49 Direct/indirect speech<br>Page 131 – 133 Cartoons |

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

BESIGHEIDSTUDIES
• Invloede op die sakeomgewings
• Uitdagings in die sakeomgewings
(Uitdagings in die Makro-omgewing – slegs notas)
• Aanpassings en uitdagings van die sakeomgewing
• Hedendaagse sosio-ekonomiese kwessies – slegs notas
• Sakesektore – slegs notas
• Voordeel van 'n maatskappy bo ander vorme van eienaarskap
• Maniere om 'n besigheid te verkry

MUSIEK
Punte: 80 Tydsduur: 90 min
Afdeling A
• Alle teorie kan in die G-, F- en C-sleutel gevra word
• Toonsoorte en toonsoorttekens
• Alle majeure en mineur toonaarde
• Toonlere en modusse:
• Majeur/ ioniese modus
• Harmoniese mineur
• Melodiese mineur
• Heeltoon toonleer
• Pentatoniese toonleer
• Doriese modus
• Miksolidiese modus
• Aeoliese modus
• Chromatiese toonleer
• Blues toonleer
• Transponering en transkripsie
• Na en van altsleutel
• Na en van konserttoonhoogte
• Tydmaattekens en groepering
• Alle enkelvoudige en saamgestelde tydmaattekens
• Verdubbeling en halvering
• Intervalle
• Drieklanke
• Vierstemmige harmonie
• Kadense met voorbereidende akkoord
Afdeling B
• Pop- en rockmusiek
• Eienskappe
• U2
• Abigail Kidjo
• Die musiekblyspel
• Algemene kenmerke
• Ontwikkeling
• My Fair Lady
• West Side Story

IGO
Vraag1: 30 Punte (30 minute)
Vraag 2: 40 Punte (60 minute)
Totaal: 70 Punte (90 minute)
Elke vraag moet oor EEN van die volgende onderwerpe handel:
1. Meganies
2. Isometries

LEWENSWETENSKAPPE
TOETS Biodiversiteit van mikro-organismes, plante (slegs Briofiete en Pteridofiete) en diere
PRAKTIES Uitkenning van organismes – mikro, plante en diere

GEOGRAFIE
Hoofstuk 1: Die energiebalans van die aarde
Eenheid 1: Oneweredige verhitting van die atmosfeer

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Eenheid 2: Die oordrag van energie en energiebalans
Hoofstuk 2: Globale lugsirkulasie
Eenheid 3: Atmosferiese druk
Eenheid 4: Atmosferiese temperatuur, druk en wind
Eenheid 5: Winde en lugmassas
Hoofstuk 3: Die weer en klimaat van Afrika
Eenheid 6: Die klimaatstreke van Afrika
Eenheid 7: Subsidensie en konvergensie: die verband met reënval
Eenheid 8: Die rol van oseane in klimaatbeheer in Afrika
Eenheid 10: Lees en interpreteer sinoptiese weerkaarte
Hoofstuk 4: Droogte en verwoestyning
Eenheid 11: Gebiede in Afrika bedreig deur droogte en verwoestyning: streeks en plaaslike omvang
Eenheid 12: Die oorsake van droogte en verwoestyning
Eenheid 13: Die gevolge van droogtes en verwoestyning op mense en die omgewing
Eenheid 14: Bestuurstrategieë vir droogte en verwoestyning
REKENINGKUNDE
- Teorie
- Bankversoening
- Bateverkope

TOERISME
Lughawens, lugrederye
Internasionale en nasionale lughawens
Tegnologie by lughawens
Busse
Treine
Gautrein
Skepe
Motors

RTT (CAT)
Module 2.1 tot 2.3 - Teorie

AFRIKAANS
AFDELING A: BEGRIP (10)
AFDELING B: OPSOMMING (10)
AFDELING C: TAAL (15)
• Spelling ` bl. 4, 120
• Skryftekens bl. 134 - 136
• Morfologie (stam, samestelling en afleiding) bl. 5 - 6, 44 – 45, 98
• Voornaamwoorde bl. 114 - 115
• Selfstandige naamwoorde bl. 36 - 38
• Lidwoorde bl. 142
• Telwoorde bl. 171
• KTBW + Advertensietaal bl. 11 – 13, 48, 160, 226

WISKUNDE (50 punte en 60 minute)
• Eksponente, Wortelvorme, Eksponensiële vergelykings
• Kwadratiese vergelykings
- vergelyking wat ‘n vierkantswortel bevat
- faktore
- breuke
- kwadraatsvoltooiing
- die formule
- k-metode
• Gelyktydige vergelykings
• Ongelykhede (alle tipes)
• Aard van die wortels

WISKUNDIGE GELETTERDHEID (50 punte, 60 minute)
Meting
Omskakeling van eenhede ( 5 teelepels = 25 ml ),
Temperatuur
Tyd (ure na minute en anders om)

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Patrone, Verwantskappe en Voorstellings
Konstante verskil, Afhanklike en onafhanklike veranderlike

Finansies
Finansiele Dokumente, Begrotings, Kos en Verkoopsprys
Gelykbreek-ontleding, Tariefstelsels

Skaal en kaartwerk
Padkaarte, Strookkaarte, roetekaart, aansigkaart
Nasionale en provinsiale paaie , Syferskaal, Staafskaal

GRAAD 12

RTT (CAT)
Module 2.1 tot 2.3 - Teorie
3 Toerievraestelle - slegs vraag 1 tot 4

IGO
Vraag 1: 30 Punte (30 minute)
Vraag 2: 40 Punte (60 minute)
Totaal: 70 Punte (90 minute)
Elke vraag moet oor EEN van die volgende onderwerpe handel:
1. Meganies
2. Siviel

AFRIKAANS
AFDELING A: BEGRIP (10)
AFDELING B: OPSOMMING (10)
AFDELING C: TAAL (15)
1. Klankleer en klankverskynsels
2. Kritiese taalbewustheid
3. Morfologie
4. Byvoeglike naamwoorde
5. Voornaamwoorde
6. Selfstandige naamwoorde
7. Skryftekens

REKENINGKUNDE
- Teorie van Maatskappye
- Finansiële state van Maatskappye

WISKUNDE (50 punte en 75 minute)
• Kwadratiese getalpatrone
• Alles in verband met rye en reekse
• Alle gr 11 Euklidiese meetkunde (geen bewyse van gr 11 stellings nie)
• Alle graad 12 Euklidiese meetkunde (moet bewyse van stelling 1A en stelling 2A ken)

WISKUNDIGE GELETTERDHEID (50 punte, 75 minute)
Finansies
Inkomste en uitgawe state, Begrotings
Tariewe
(Elektriese, telefonies, bank, vervoer, munisipale tariewe)
Tabelle, Grafieke en Formules, Tax, lenings, VAT, IRP5
Inkomsbelasting, Wisselkoerse, Gelykbreek analise, Kos en Verkoopsprys
DATA HANTERING
5 punt opsomming, Neigings en persentiele, Frekwensie tabelle, telmerkies, voorstelling van data

FISIESE WETENSKAPPE
CHEMIE 1 UUR 50 PUNTE
• Organiese chemie bl 9 – 172
Gebruik jou eksamenriglyne middel van bl 14 – 18 tot voor plastieke en polimere vir uiteensetting van die werk.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

DRAMA
Bewegingsvaardighede (Reis 1)
Stem- en spraakvaardighede (reis 2)
Twintigste-eeuse 'ismes' (reis 6)
Epiese teater (reis 8)
Kanna hy kô hystoe en bykomende notas

TOERISME
Wêreldgebeurtenisse
Politieke situasies
Onvoorsiene gebeure
Toerplanne
Toerbegroting
Gesondheid
Veiligheid
Reisdokumentasie
Doeaneregulasies

ENGLISH HOME LANGUAGE

| | |
|---|---|
| **Grade 12 HL:**<br>35 marks 70 minutes<br>Comprehension 30 ÷ 2 =15 marks<br>Summary 10 marks<br>Language 10 marks | Comprehension skills (Study guide Question 1)<br>Summary (Study guide Question 2)<br>Using language correctly (Study guide Question 5) |

ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

| | |
|---|---|
| **Grade 12 FAL**:<br>40 marks 1 hour<br>Comprehension 30 marks<br>Language 10 marks | Comprehension skills<br>Pathway grade 12: Reported speech, verb tenses, euphemism, concord.<br>Language from grade 8-11: Tag questions, parts of speech, homonyms, homophones, antonyms, synonyms. |

BESIGHEIDSTUDIES
• Makro-omgewing (Al agt wette)
• Menslikehulpbronne-funksie
• Etiek en professionalisme
• Kreatiewe denke en probleemoplossing
• Besigheidstrategieë

VERBRUIKERSTUDIES
Bl. 10 – 43
Bl. 190 – 195
Plus alle ekstra nota's oor bostaande werk

MUSIEK
1. Toonlere
2. Toonsoorte
3. Toonsoortteken
4. Drieklanke: driestemmig en vierstemmig
5. Besyfering
6. Musiekterme
7. Ornamente
8. Nootwaardes
9. Tydmaattekens, metrum en ritme
10. Transposisie
11. Intervalle en omkerings van intervalle
12. Agtmaatmelodievoltooiing
13. Sekwens
14. Vierstemmige vokale SATB-harmonisering
15. Harmoniese analise
16. Kadensiële 6/4
17. Dominantvierklank in al vier posisies
18. Kadense
19. Stemtipes

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

20. Ontwikkeling van die Opera vanaf Florentynse Camerata tot en met Gluck
21. Mozart se Die Zauberflöte
22. Singspiel

TOETS 1 = 90 minute  Musiekteorie en Algemene Musiekkennis
TOETS 2 = 60 minute  Musiekbegrip

LEWENSWETENSKAPPE
TOETS - Nukleïensure, Seldeling, Voortplanting van gewerweldes, Voortplanting
PRAKTIES - DNA-ekstraksie, kariotipe
B) WERKSAFBAKENING [GRAAD 8 – 9] - TOETSREEKS

GRAAD 8

AFRIKAANS
Begripstoets en visuele teks: 30
Taal: 20
• Klankleer bl. 21 - 25
• Spelling bl. 27 - 28
• Skryftekens bl. 28 - 30
• Leestekens bl. 32 – 33

LEWENSWETENSKAPPE
Vaardighede & Fotosintese (Bl. 3 – 20)

FISIESE WETENSKAPPE
Hoofstuk 1 (Bl. 5 – 32), asook alle eksperimente en oefeninge in skryfboek.

WISKUNDE (50 punte en 60 minute)
• Alles in die handboek van hoofstuk 1 tot 3 wat gedoen is plus enige ekstra voorbeelde, notas en oefeninge soos deur die onderwyser voorsien, moet geleer word. Dit sluit in :
• Telgetalle en bewerkings daarmee
• Verhouding en koers
• Heelgetalle
• Breuke (alles tot aan die einde van maal, van en deel)

ENGLISH HOME LANGUAGE
GRADE 8 – 50 marks 60 minutes (10 minutes reading time)
Comprehension 20 marks
Visual Text – Advert pg. 38 (Interpreting a visual text) 10 marks
Language 20 marks
Language to study:
Pronouns pg. 22-23
Sentence structures pg. 28
Clauses pg. 28, 53
Phrases pg. 29, 52
Punctuation pg. 29
Parts of speech pg. 29
Verbs (finite and non-finite) pg. 35
Euphemism pg. 35
Acronyms and initialisms pg. 35
Degrees of comparison pg. 51
Nouns pg. 51
Abbreviations pg. 53

ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE
GRADE 8 – 50 marks 60 minutes (10 minutes reading time)
Comprehension – 20 marks
Visual text – 10 marks
Language – 20 marks
Parts of speech: Nouns
Pronouns
Adjectives (comparative and superlative)
Verbs

Adverbs
Prepositions
Conjunctions
Articles
Interjections
Subject and predicate
Main and Subordinate clauses
Subject verb agreement
Synonyms and antonyms
Literal and figurative
Negative form

GESKIEDENIS
bl. 28 Inleiding
bl. 28 Rykdom uit slawehandel
bl. 30 Ekonomie voor die nywerheidsomwenteling
bl. 30 Die aard van die nywerheidsomwenteling
bl. 31 Sosiale veranderinge tydens die Industriële revolusie
Verstedeliking en veranderende lewensomstandighede
Werksomstandighede en kinderwerkers
bl. 33 Arbeid, weerstand, die vakbondbeweging en werkersklasorganisasies
Swing-onluste in die landbou en Luddiete
Grand National Consolidated Trade Union (GNTCU)
Toenemende mag en rykdom van Brittanjé en Wes-Europese ekonomieë
Eenheid 2: Suidelike Afrika teen 1860
bl. 37 Kaart en kort beskrywing van politieke indelings
bl. 38 Kontrakarbeiders uit Indië op die suikerplantasies in die Britse kolonie Natal kom werk
Indië as Britse kolonie
Redes vir ingevoerde arbeid: die Zoeloe-koninkryk
Redes vir die vraag nasuiker in Brittanjé
Omstandighede waaronder kontrakarbeiders gewoon en gewerk het
Passasierindiërs van 1869
Eenheid 3: Ontginning van diamante in Kimberley van 1867
bl. 41 Hoekom is diamante belangrik?
bl. 42 Britse oorname van diamantryke grond in Griekwaland-Wes
bl. 42 Stryd om besit van diamantvelde
bl. 42 Diamantmynbou en die ontwikkeling van 'n monopolie
bl. 44 Cecil John Rhodes, Barney Bernato en die stigting van De Beers Consolidated Mines
Alle werk in werkboek vanaf bl. 1 tot bl. 26

EBW ( 50 Punte , 45 Minute )
• Algemene Kortvrae – Rekeningkundige Konsepte
• Dokumente ( Kwitansie , EFO )
• Hulpjoernale ( KOJ , KBJ ) – Diensonderneming

GEOGRAFIE
• Definisie van ‘n kaart en ‘n skaal
• Grootskaalkaart vs kleinskaalkaart
• Soorte skale en omsit van skale (Lynskaal, Woordskaal en Verhoudingskaal)
• Afstand bereken
• Lengtelyne vs breedtelyne
• Koördinate (grade, minute)
• Aswenteling
• Greenwich-Standaardtyd
• SAST
• Internasionale Datumlyn
• Tydsones (Berekeninge)
• Omwenteling
• Seisoene bepaal vanaf ‘n diagram
• Belangrike datums (Somersonstilstand, Wintersonstilstand, Dag en Nag Eweninge)

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

GRAAD 9

GESKIEDENIS

bl. 32 Inleiding
bl. 32 Einde van die Eerste Wêreldoorlog
bl. 32 Weimar-republiek en die Verdrag van Versailles
bl. 32 Straf vir Duitsland
Hitler en die Nazi's in die 1920's
bl. 34 Groot depressie van 1929 en die uitwerking daarvan op Duitsland
bl. 34 Mislukte demokrasie in Weimar Republiek
bl. 35 Redes waarom Duitsers die Nazi's gesteun het
bl. 35 Verkiesings in 1932 en 1933
bl. 36 Die Magtigingswet en diktatorskap
Teenstanders na konsentrasiekampe
Organisasie binne die Nazi-party
Kenmerke
Groepe binne die party
Nag van die Lang Messe
bl. 37 Die Neurembergwette en die wegneem van die Jode se basiese regte
bl. 37 Optrede teen Jode
bl. 38 Kristalnag
bl. 38 Vervolging in Nazi-Duitsland
bl. 39 Nazi-Duitsland as 'n voorbeeld van 'n fascistiese staat
bl. 40 Demokratiese staat

Eenheid 2: Tweede Wêreldoorlog - Europa

bl. 41 Nazi-Duitsland se buitelandse beleid
Tydlyn van oornames (Gebruik kaart)
bl. 42 Die uitbreek van WO2: Spilmoondhede teen Geallieerdes
Spilmoondhede
Gealieerdes
bl. 43 Uitwissingskampe, volksmoord, massamoord en die finale oplossing
bl. 44 Voorbeelde van weerstand
bl. 46 Opstande in die Warskou-ghetto
bl. 47 Die einde van die Tweede Wêreldoorlog in Europa

Alle werk in werkboek vanaf bl. 1 tot bl. 31

ENGLISH HOME LANGUAGE

GRADE 9 – 70 marks 90 minutes
Comprehension 25 marks
Summary 10 marks
Visual Text (cartoon analysis & advertising) 15 marks
Language Structures 20 marks
Language to study:
Types of abbreviations
Parts of speech
Sentence construction
Types of sentences
Conjunctions
Regular and irregular verbs
Concord
Pronouns
Prefix suffix stems
Question tags
Direct and indirect speech

ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

GRADE 9 – 70 marks 90 minutes
Comprehension: 25 marks
Visual Literacy: 15 marks
- Must be able to apply gained knowledge about characteristics of an advertisement.

Summary: 10 marks
- Must be able to summarize the article given.

Language: 20 marks
- Active and Passive Voice
- Parts of Speech

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

- Prefix and Suffix
- Direct and Indirect Speech
- Contractions
- Tenses
- Choose the correct words in brackets

GEOGRAFIE
• Definisies van ‘n kaart en ‘n skaal
• Grootskaalkaart vs Kleinskaalkaart
• Soorte skale – woordskaal, lynskaal, verhoudingskaal
• Omsit van skale
• Verskil tussen topografiese kaart en ortofotokaart en lugfoto’s
• Lengtelyne vs breedtelyne
• Kaarttitel
• Hoe hoogte op ‘n kaart bepaal word
• Konsep/kenmerke van kontoere
• Kontoerinterval van ‘n topografiese kaart en ‘n ortofotokaart
• Kontoerpatrone (moet kan teken en uitken)
• Afstand bereken
• Koördinate
• Dreinering
• Bepaling van die vloeirigting van ‘n rivier
• Plantegroei

EBW
( 50 Punte , 45 Minute )
• Algemene kortvrae – Rekeningkundige Konsepte
• Berekeninge ( Kosprys , Verkoopprys , Wins% )
• Hupjoernale ( KOJ , KBJ ) - Handelsonderneming

LEWENSWETENSKAPPE
Vaardighede, Plant- en Diersel & Spysverteringstelsel (Bl. 3 – 24)

FISIESE WETENSKAPPE
Hoofstuk 1 en 2 (Bl. 3 – 23), asook alle eksperimente en oefeninge in skryfboek.

WISKUNDE (50 punte en 60 minute)
• Alles in die handboek van hoofstuk 1, 2, 3 en 6 wat gedoen is plus enige ekstra voorbeelde, notas en oefeninge soos deur die onderwyser voorsien, moet geleer word. Dit sluit in :
• Reële getalle en bewerkings daarmee
• Verhouding, Koers, Eweredigheid
• Heelgetalle
• Eksponente

AFRIKAANS
Begripstoets en visele teks: 40
Opsomming: 10 (puntsgewys)
Taal: 20

| | |
|---|---|
| • Klankleer | bl. 2 – 3 |
| • Lees- en skryftekens | bl. 357 – 360 |
| • Grondbeginsels van spelling | notas |
| • Woordvorming | bl. 344 – 345 |

C) KAMERASTELSEL
Die akademiese gedeelte van die skool is volledig onder CCTV-kameras geplaas. Dit beskerm elke leerder en onderwyser. Die wet maak voorsiening dat die werkgewer die volle reg het om sy werkplek te moniteer. Hierdie beeldmateriaal word veilig bewaar en is nie vir almal toeganklik nie.

D)GRAADHOOFDE
Ons graadhoofde se kontakbesonderhede is as volg:

Gr. 8: hstrauss.framesby@gmail.com
Gr. 9: erwinstrauss@outlook.com
Gr. 10: fvdwalt@framesby.co.za

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Gr. 11: jeanette.schoeman@yahoo.com
Gr. 12: lschelbert@framesby.co.za

E) FINANSIES

Baie dankie aan alle ouers wat hul skoolfonds getrou betaal. Dit is ‘n riem onder die hart.

Die betaling van skoolfonds bly een van u belangrikste prioriteite en moet so deur u gehanteer word. Ouers, ek doen ‘n beroep op u om toe te sien dat dit altyd voor die 7de van elke maand betaal is, en op datum is. OUERS, DIT IS NIE ANDER OUERS SE TAAK OM U SKOOLFONDS TE SUBSIDUEER NIE. Vir wat elke leerder ontvang by HS Framesby in vergelyking met ander skole, is hierdie die beste winskopie wat u ooit sal kry.

Die graadfooie moet so gou as moontlik vereffen word.

Indien u enige navrae het, kontak mev. R. Terblanche by skoolfonds@framesby.co.za.

F) FAKKELFLITS

Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebookblad beskikbaar - dit is die plek om te wees!

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning en om u aan te moedig om u leerder/s te ondersteun in hul strewe om suksesvolle en gelukkige leerders van HS Framesby te wees. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

Marius Germishuys
SKOOLHOOF

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# ATLETIEK - PE HOËRSKOLE

150 Framesby-leerders het aan Vrydag en Saterdag aan PE-skole deelgeneem. Framesby was goed verteenwoordig in alle items. Ons behaal die volgende prestasies:

- 50 eerste plekke
- Die veldatlete het besonder goed gevaar en het as volg presteer:

- Hamergooi, paalspring, gewigstoot,diskus en spiesgooi behaal ELKE item 6 eerste plekke.
- Driesprong en verspring behaal ses eerste plekke.

- Die hekkiesatlete behaal 9 eerste plekke.
- Damian Witbooi verbeter die driesprong, seuns 0/15-rekord, na 11,57.
- 88 atlete eindig onder die eerste 4 atlete en dring deur na die volgende rondte, die Metro-byeenkoms
- Christelle Stander, dogters 0/15, behaal 3 eerste plekke, naamlik in diskus, spiesgooi en driesprong.
- Die volgende atlete behaal 2 eerste plekke:

- Jaco Pretorius- seuns 0/17- diskus en gewigstoot
- Hugo Nothnagel- seuns 0/17- 110 hekkies, 400m hekkies
- Zanri Black- dogters 0/17- 400, 400m hekkies
- Nico Barkhuysen-seuns 0/15- spiesgooi, hamergooi
- Anel Strauss, 1500m en 2000m hindernis. Sy kwalifiseer ook vir die ASA- byeekoms, 10 sekondes vinniger as die kwalifiserende standaard.
- Jana Terblanche-dogters 0/17- hamergooi en diskus
- Leolen Petersen- dogters 0/16- verspring en driesprong
- Esri le Grange-dogters 0/14- hamergooi en gewigstoot
- Thriscka Stapelberg-dogters 0/19- 100m hekkies en 200m
- Damian Witbooi-seuns 0/15- behaal 2 eerste plekke in die verspring en driesprong. Indien hy nie oor die laaste hekkie geval het nie, sou hy ook die 100m hekkies, seuns 0/15, gewen het.









SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UITSLAE VIR DIE WEEK:

**Framesby o15/A t. Nico Malan o15/A**
Framesby wen die loot en besluit om te kolf. Na die verloor van drie vinnige paaltjies het die manne goed reggemaak en 262 lopies in die 40 boulbeurte aangeteken.



Beste kolwers:
Dewan Wessels 70(43)
Logan Fleetwood 64(49)

Framesby boul vir Nico Malan uit in 17 boulbeurte vir 60 lopies.

Beste boulers:
Drisden Pretorius 5-15
Logan Fleetwood 4-40

Framesby wen met 202 lopies.

**Framesby 0/14A vs Nico Malan 0/14A**
Framesby wen die loot  en besluit om eerste te boul.
Nico Malan almal uit vir 122 na 40 boulbeurte

Beste Boulers
Owen Wessels 4-22-8 beurte
Christiano Ferreira 3-11 -6.1 beurte

Framesby behaal die lopies met 9 paaltjies plat.
Beste kolwers
Lehan Barnard - 30*
Renquin Goliath - 17



Framesby wen die wedstryd met 1 paaltjie.

**Framesby 2de vs Nico Malan**
Nico Malan wen  die loot en boul eerste
Framesby behaal 155 almal uit na 26 beurte

Beste kolwers:
Camron Hammond 39 nie uit nie
Keenan Greeff 31
Marius Van der Merwe 25



Nico Malan kolf en behaal 85 almal uit na 26 beurte

Beste boulers:
Waldo Van As 8/3 in 4 beurte
Jayden Smit 31/3 in 7 beurte
Rivaldo Du Plessis 19/2 in 5 beurte
Framesby wen met 70 lopies
Framesby eerstespan vs Nico Malan

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Framesby wen die loot en kolf eerste.
Framesby behaal 276/9



Beste kolwers:
Corné Jordaan 91 (74)
Ethan Gunn 29 (37)
Taine Douw 26 (37)
Cuan Gerber 25 (29)
Wiaan Hanekom 22 (26)
Stefan Scholtz 22 (40)

Nico Malan behaal 127 almal uit.

Beste boulers:
Corné Jordaan 20/3 in 8 beurte
Wiaan Hanekom 19/2 in 6 beurte
Juanré de Vos 19/2 in 5 beurte

Framesby wen met 149 lopies.

**Framesby o.14/B vs Alexander Road**
Framesby wen die loot en kolf eerste. Framesby span 146 lopies in 20 boulbeurte.



Beste kolwers:
Damien v. Niekerk 59
Gunther Strauss 40
Alexander almal uit vir 95 na 14 boulbeurte.

Beste boulers:
Adriaan Snyders 3 paaltjies
Aiden Davids 3 paaltjies
Lucas Jacobs 3 paaltjies

Framesby wen met 51 lopies

## TENNIS:

**Meisies:**
Eerste span verloor teen Brandwag 3-1
Tweede span se wedstryd teen DF was uitgestel.
Derde span verloor teen Riebeek 4-0

**Seuns:**
Derde span wen teen Pearson 4-0
Vierde span wen teen Pearson 4-0
Vyfde span wen teen Westview 4-0
*Die eerste en tweede span se wedstryd is uitgestel.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# KRIEKET:

**Framesby 0/14B vs Grey 0/14D**

Framesby wen die loot en besluit om eerste te kolf.
Framesby word almal uit geboul vir 64 na 17.2 boulbeurte

Beste kolwers:
Xander Mulder 18
Aiden Davids 10

Grey behaal die lopies met 8 paaltjies plat in 18.5 boulbeurte

Beste boulers:
Adriaan Snyders 3/8
Lukas Jakobs 3/14

Grey wen met 2 paaltjies.



---

**Framesby o/15D vs Grey o/15D**

Framesby wen die loot en besluit om te kolf.
Framesby behaal 81/7 na 20 beurte.

Beste kolwers:
Rico van Leeuwen 22 nie uit nie
Liam Botha 8 nie uit nie

Framesby boul dan en Grey maak 82/6 na 14.1 beurte.

Beste boulers:
Gerrie Gerber 1 vir 3 na 2.1 beurte
1 vir 8 na 2 beurte

Grey wen met 4 paaltjies



# BUITESPORT:

8 Framesby meisies (Metrofibre Try Babies) het op 26 Desember aan die jaarlikse Touch Rugby toernooi deelgeneem wat op Dolphin Beach in Jeffreys Baai aangebied word.

Die eienaar van die toernooi, Christo Botha, is ook 'n oudleerling van Framesby en hy is ook die organiseerder van die toernooi. Jade De Jager (kaptein) en haar span het geskiedenis gemaak omdat dit die eerste keer was dat 'n volle meisiespan ingeskryf het vandat die toernooi 'n paar jaar gelede begin het. Jade self het alreeds 2 keer in die toernooi gespeel. Die span se hemde en “goodie bags” is deur Metrofibre geborg.

Die meisies het hard geoefen deur die loop van die jaar en Christo Botha het hulle self afgerig.
By die toernooi het die aankondiger deurentyd melding gemaak van die Metrofibre Try Babies en hulle baie geprys en verwelkom. Tydens die prysuitdeling het die meisies 'n pragtige trofee ontvang omdat hulle die eerste volle meisiespan was wat ingeskryf het.
Die 8 spelers was: Jade De Jager (Kaptein), Simonique Grobler, Christelle Stander, Chloé Vermaak, Tanya Bosshoff, Meganley Muller, Danika Marais en Kaylee Van Niekerk.

Die Try Babies het pragtig gespeel en het hul goed van hul taak gekwyt alhoewel hulle beide hul wedstryde teen seunspanne verloor het. Hulle is pas  uitgenooi om Paasnaweek weer te kom speel, weer op Jeffreys Baai in die Paasnaweek Toernooi.










SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

AND

HAVAL

# " PAINT RUN "

Lots of Fun,
Colour &
Prizes




## Friday 25 February 2022

## Framesby High School (A-Field)

16h15 = 1 km OPEN - R20

17h15 = 100m Dash - R20

17h45 = 5 km = R50 & 2,5 km = R 30


Sponsored by

HAVAL

PORT ELIZABETH

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# VALENTYNSBAL 2022:



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# OPEAAND 2022:

Hoërskool Framesby se jaarlikse opeaand het Dinsdag, 22 Februarie plaasgevind. Leerders was alreeds die middag uitgenooi om 'n toer deur die skool te neem en iss deur ons MB-leiers begelei. Na ligte verversings het elkeen 'n Framesby t-hemp ontvang, met die woorde: "Dis lekker om in Framesby te is" daarop gedruk. Die gr.7's het toe 'n dans saam met die Mb's aangeleer. Na die lekker danssessie het die leerders die saalbyeenkoms saam met hul ouers bygewoon en hul dans ten toon gestel. Daarna het die leerders en hul ouers verversings by die Kosblik geniet.

Die tema van die jaar se opeaand was Framesby in Wonderland. Die saal was pragtig versier soos die "Queen of hearts" se Kasteel. Die drama-leerders was ook mooi opgetooi soos die karakters en het hul goed van hul taak gekwyt. Die Mad Hatter, Cheshire kat, Twiddle Dee, Tweedle Dum, Alice, King of hearts, Queen of hearts en ruspe het almal hul verskyning op die verhoog gemaak.













SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# MEDIASENTRUM



## OU VRAESTELLE

Leerders kan ou vraestelle verniet op 'n USB -stokkie laai, 'n vraestel-cd koop of teen 50c per bladsy laat afrol.

## BOEKE EN DVD'S

Leerders kan tydens pouses en na skool boeke en dvd's kom uitneem.

## NAVORSING EN DRUKWERK

Leerders kan tydens pouse en na skool verniet navorsing op die rekenaars kom doen. Take kan in kleur of swart en wit gedruk word.

## ONS VERKOOP DIE VOLGENDE:

Skoon cd's, vraestel-cd's, A4-kleurkarton, A3-kleurkarton, flipfile-sakkies, taakomslae, usb's en vele meer!

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7



# DIE KOSBLIK

**MIDDAGETES TEEN R25**

*Beskikbaar tweede pouse en na skool slegs op bestelling*

Week 2

## MAANDAG

Geroosterde hoenderdye, aartappelgebak en slaai

## DINSDAG

Ham en kaas pizza

## WOENSDAG

Hong Kong hoendervlerkies, aartappelslaai en Griekse slaai

## DONDERDAG

Mexikaanse bees maalvleisrolletjie met mielieslaai

## VRYDAG

Hoender schnitzel met twee slaaie

**VIR BESTELLINGS:**
**DUANNE: 071 571 3648**
**E-POS: WSPE.FRAMESBYHS@EMPACTGROUP.CO.ZA**

Die KOSBLIK
Hoërskool Framesby

DIE HANGER

# Ramble Rugsak

**R 650 BESKIKBAAR IN DIE HANGER.**

KWALITEIT

DUURSAAM




GEWAARBORGDE PRODUK

PLEK VIR NAAMPLAATJIE

SKOOLWAPEN GEBORDUUR

# VORDERING: KLASKAMERS





# OUDSKOLIERE NUUS:



Baie geluk aan oudskolier William Moffat wat weer hierdie jaar in die Shimlas rugbyspan opgeneem is.



**William Moffat**

**GP:** Hooker

**H:** 186

**W:** 108

**STUD:** BCom Investment Management and Banking

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ONS GESELS MET: PIET NELL





*Piet Nell*

Ek het in 1967 by Framesby begin met 'n VLV akademiese merietebeurs (een jaar se skoolfonds, die waarde R 12). My matriekjaar was 1971, die tweede matriekklas in die skool se geskiedenis. Mnr Dirk Visser was die skoolhoof en my vakonderwysers was Mej Marais vir Afrikaans, Mej Hayward vir Engels, Mej Walle vir Duits, Mnr Peet Vermaak vir Wiskunde, Mnr Willem Rautenbach vir Geskiedenis en Mnr Henning Buitendag vir Biologie. Ons was 60 matrieks, 33 seuns en 27 dogters, beide Afrikaans- en Engelssprekend. Ek het baie goeie vriende gemaak en ons behou nog kontak 60 jaar na van die eerste ontmoetings!

Die boekprys vir Duits was elke skooljaar myne. Ek was altyd ook die enigste seun in die top 5 by die jaarlikse prysuitdelings. Ek was kaptein van die skool se SAUK-vasvraspan en redakteur van die skoolnuusblad. Ek het rugby gespeel in al die A-spanne van onder 13, 14 en 15, maar was in matriek kaptein van die "wynspan" (nie daarvan gehou om geduik te word nie, nogal baie soos Naas Botha). Goeie herinneringe van garage partytjies, Beatles musiek, skelm rook, ens.

Na skool het ek my nasionale diensplig leieropleiding by die SA Leërgimnasium in Heidelberg voltooi en daarna voltyds by UPE gaan studeer, waar die grade BA en BA Honneurs in Bedryfsielkunde aan my toegeken is. Ek het intervarsity gholf en 'n menigte muurbal ligawedstryge gespeel en was ook lid van die Oppidani vasvraspan. Varsity toere was absolute hoogtepunte. Vir ingeval klasse miskien vervelig kon raak, was daar altyd maats om brug in die Kraal of gholf te gaan speel. As studente het ons gevoel dat Framesby ook 'n oud-skoliere vereniging benodig en dit het gelei tot die stigting van Fralumni (ander komiteelede was Johan Dill, Mike Tait, Marieta Dekker en Paul Brandt).

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

My werksloopbaan het by JCI Rustenburg Platinum Mines begin, waar ek ook vir ‘n Noord-Transvaal Platteland krieket uitnodigingspan gespeel het. Ek het daarna ‘n pos aanvaar by die Sappi Groep, ‘n genoteerde maatskappy met 14 000 werknemers, waar ek na bevordering Groep Personeelbestuurder was. Ek het nog altyd gehunker om my eie ding te doen en later ‘n konsultasie maatskappy in Sandton gestig wat gespesialiseer het in senior bestuursvlak “headhunting” en strategiese menslike hulpbronbestuur. Ek het terselfdertyd ook my meestersgraad (Master of Management) by Wits Universiteit Bestuurskool voltooi.

In die vroeë 1990’s het ons emigrasie na Australië oorweeg, via Port Elizabeth waar my ouers en skoonouers gewoon het. Ek het toe ‘n aanbod by Sanlam aanvaar as ‘n Finansiële Adviseur met spesialisasie in beleggingsbestuur. Dertig jaar later en ons is nog steeds hier. Ek het betrokke geraak by professionele instansies en gemeenskapslewe. Ek was Oos-Kaap voorsitter en lid van die nasionale raad van LUASA (Life Underwriters of SA), ‘n organisasie gerig op etiese gedrag in die versekeringswese. Ek was ook Oos-Kaap voorsitter van IPM (Institute of Personnel Management) en President van die PE Rotary Club, betrokke by gemeenskapsprojekte, sommige hul tyd vooruit.

Ek en Sharon is 41 jaar gelede getroud. Sy het ‘n meestersgraad in teologie en is ‘n Anglikaanse predikant en rektor van twee gemeentes asook die “Bishop’s Executive Officer”. Vroeër jare was sy voorsitter van Lifeline. Ons het drie kinders, Pieter, Jacques en Carla. Hulle het almal in PE studeer. My kinders het almal provinsiale kleure in sport verwerf, die seuns in bodyboarding en Carla in hokkie. Ons het drie kleinkinders. Dit is baie lekker om oupa te wees.

Ons geniet sosiale geleenthede, kuier by vriende en sport op TV. Ek doen genealogiese navorsing (alreeds 14 geslagte Nells vanaf die 1600’s) en is lewenslid van die Hugenote Vereniging. Ons is baie lief vir reis, ons het alreeds 37 verskillende lande besoek en beplan hopelik nog vele meer.

Hoërskool Framesby was ‘n integrale deel van my lewe. Ons het in 2011 die 40 jaar matriekklas herdenking gehou. Verlede jaar se 50 jaar herdenking moes weens Covid uitgestel word.

Ek is baie trots op my alma mater se prestasies, alle sukses vir die toekoms!
Piet Nell





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE ARGIEWE:















SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7




FRAMESBY ONDERSTEUNERSVERENIGING

**FOV IS VRYDAG, 25 FEBRUARIE 2022 OOP!**

**VANAF 17:00**

# Kom kuier saam!

SUNRIDGE
VILLAGE
where everybody knows your name

## TENANT CONTACT LIST - JULY 2021

| | |
|---|---|
| Absolute Pets | 067 776 0661 |
| Bakers Street | 060 767 1330 |
| Barksole Shoe Repairs | 063 313 2023 |
| Build It | 041 360 9790 |
| Capellini Coffee & Restaurant | 041 360 3784 |
| Canine Pet Boutique & Deli | 041 360 3797 |
| Clicks & Clicks Pharmacy | 041 360 0179 |
| Crazy Store | 087 135 8733 |
| de'Keg | 041 492 3700 |
| Eglings Pro-Foto / KODAK | 041 360 4436 |
| Elle Lifestyle Boutique | 041 360 6104 |
| Fishtales | 041 360 2877 |
| Hair & Beauty @ The Village | 041 360 1199 |
| IT On The Move | 084 752 7927 |
| Lady J's Bridal Studio | 041 360 3255 |
| LIA Fashions | 041 360 3311 |
| Ling Long Chinese Take Away | 041 360 0590 |
| Mary's Home Industry | 041 360 9995 |
| Mobilities Vodacom | 041 363 1818 |
| Norma Jeans Nail & Beauty | 041 360 2204 |
| Oasis Water | 072 386 0130 |
| Optilife | 041 450 9454 |
| Optiskin | 060 682 9924 |
| Pick 'n Pay Clothing | 041 360 3718 |
| PostNet | 041 360 7441 |
| Ray's Car Wash | 083 227 4102 |
| Ray's House of Biltong | 041 360 2007 |
| Roman's Pizza | 041 360 3104 |
| S.A. Post Office | 041 509 8681 |
| San Fernando's | 041 368 1954 |
| Spec-Savers Sunridge Park | 041 360 8406 |
| Spice Café | 081 722 5308 |
| Sunridge Barber | 084 578 3714 |
| Sunridge Exchange | 041 360 1109 |
| Sunridge Service Station | 041 360 1513 |
| Sunridge SuperSpar | 041 360 1509 |
| Thandi Florist | 041 360 3594 |
| Tidy Tucs Tailor | 062 626 0385 |
| Tops Liquor Store | 041 360 1509 |
| Twee Vellies | 072 634 6575 |
| Universal Cellular | 041 360 5919 |
| Vangela's Jewellers | 041 369 0100 |
| Village Laundry | 079 598 5196 |
| Wimpy | 041 360 1757 |
| Woolworths Food | 041 398 3600 |
| Zebro's Charcoal Grilled Chicken | 041 360 0331 |
| Ziningi Gifts | 081 719 9563 |
| OMEGA SECURITY KIOSK | 083 227 0649 |

**Centre Management: 041 360 9442**
**www.sunridgevillage.co.za**